

**19 Desember**

**Genesis 3:1-21; (Teks: 3:9, 20)**

**Eva (1) - geloof aan lewe**

Wanneer Adam sy vrou "Eva" noem, bely hy sy geloof dat lewe sin maak ondanks die gevolge van sonde. "Moeder van al wat lewe" - só noem hy haar (20).

Die eerste mensepaar staan hier by die uitgang van die tuin van Eden. Met hul rug op die lewensweelde saam met God en hul gesig na 'n vervloekte aarde. Nou net het hulle God se woorde aangehoor (14-17):

Slang, jy sal stof eet;

Vrou, met pyn sal jy geboorte gee;

Man, jy sal swetend jou brood verdien.

Maar al is dit strawwe, bly dit genade van God. Want Hy het kom roep: Mens, waar is jy! (3:9). Hy het sy mense in hul ellende nie alleen gelos nie. Daaraan het Adam gelowig vasgegryp.

Kersfees herinner ons dat God ons kom opsoek. Ons vier wéér die roep van God na sy mense: Waar is jy?

Al lyk dit dus vir jou, middeljarige blanke man, of jy nie meer 'n toekoms in die staatsdiens het nie - God se genade roep jou na nuwe private geleenthede waar jy diens kan lewer. As julle, jonggetroudes, meen om liever nie kinders te hê nie - God se opsoekende liefde wys juis dat Hy in jul toekoms teenwoordig is.

In ons wêreld word die lewe amper uitgedoof deur duisend doodstemme. Maar die blye boodskap klink steeds hardop: God het na jou gekom ondanks alles. Glo dit, soos Adam, en gryp na die Lewe!

Sing: Psalm 119:14

Ds. J. Botha (Laeveld)